Amor bekoor by oggendtee

‘Leef talente uit, moenie wag vir dinge en onthou om te lag’

Marié Pieterse

Toe die aanbieder en sangeres Amor Vittone op die verhoog klim en haar hart en lewe begin deel, was dit snesietyd aan die Wes-Rand.

Sowat 80 vroue het onlangs die Roodepoort-sakekamer se Lady Rocci-oggendtee in Café d’Art by die Alice Art-kunsgalery in Ruimsig bygewoon.

Toe Amor begin praat oor haar moeilike tyd die afgelope jaar kon die vroue hul trane nie keer nie. “Vroue het na my gekom en gesê: ‘Dieselfde het met my gebeur.’ ”

Amor het aan die gehoor gesê dat daar dae was dat sy te siek was om op te staan en net wou huil. Om op te staan en te gaan optree was haar behoud.

Haar seuntjie Jordan het vir haar gesê: “Mamma, jy moet nie hartseer wees nie, want liewe Jesus maak jou hartjie reg.”

“Ek wou nooit *famous* wees nie, ek wou net altyd *perform* en sing,” het Amor vertel.

Sy het aan die gehoor gesê hulle is geskape om hul talente uit te leef, dat hulle nie moet wag dat dinge na hulle toe kom nie en dat hulle nie moet vergeet om te lag nie.

Ná die liedjie *Glo altyd aan môre* het Amor die gehoor op hul voete gehad.

Amor Vittone op die verhoog by die Alice Art-kunsgalery waar sy die gaskunstenaar by die Lady Rocci oggendtee was. Foto’s: MARIÉ PIETERSE

Lady Rocci se gasvroue Isabel Janse van Rensburg (links) en Letitia Stalker (regs) saam met Amor.

Minette Shawe en Roanda van Zijl is Rocci-lede wat die oggendtee bygewoon het.

Marlise de Haas en Liezel du Plessis het die Lady Rocci-oggendtee in Ruimsig geniet.

26GEUQ0/WB/3’10/fay

KRUGERSDORP
PAINT CENTRE cc
21 Rustenburg Rd, Krugersdorp West
Tel: (011) 660 7167
Quality Paint

Belê vandag jou geld in jou grootste bate ... JOU HUIS

Krugersdorp Paint Centre vervaardig loodvrye verf vir u veiligheid.

Ons spesialiseer in al u huishoudelike sowel as industriële verwe.
Spesiale aanbod op Roeswerende onderlaag verwe vir staal.

- Fabriekspryse direk aan die publiek
- Kwaliteit gewaarborgde verf
- Ons spesialiseer in al u verfbenodighede
- Ons meng enige van 4 000 kleure terwyl u wag
- Professionele advies aangaande alle verfwerk
- Gratis aflewering
- Doen u eie verfwerk of laat ons professionele verwers dit vir u doen

COMPARE OUR PRICES!

Utility Contractors PVA		20 litre		R220
Standard Contractors PVA		20 litre		R245
Standard Contractors PVA		5 litre		R80
Standard Gloss White Enamel		5 litre		R155
Velvet Sheen (White) 100% Washable Paint		20 litre		R625
Velvet Sheen (White) 100% Washable Paint		5 litre		R190
Roofseal Waterproofing		20 litre		R460
Pure Acrylic Roof Paint	FROM	20 litre	*vanaf*	R380
Micacoat Textured Paint	FROM	20 litre	*vanaf*	R480
Micacoat	FROM	5 litre	*vanaf*	R160

VARIOUS MICACOAT PASTEL COLOURS AVAILABLE AT NO EXTRA COST



Visit our store for professional service & advice

Wood Varnish 5 litre R190

High gloss & Eggshell Enamel 5 litre R250 (Wit)